# <u>Second Term Report/ Tweede Kwartaalverslag</u>

I would like to thank all parents, learners and staff for a wonderfully busy second term. The time has flown by with many events taking place in various areas of the school. I would like to briefly recap on the term.

***<u>Akademie:</u>***

***<u>Graad RR/R:</u>*** *Hoof me E. Janse van Rensburg*

Daar is hierdie kwartaal weereens hard gewerk in ons Graad RR en R-klasse. "Padveiligheid" is in diepte behandel deur die Graad R's en die leerders het dit prakties geoefen. They walked to Soetmuisberg Cafe and applied all the road safety rules taught to them during the term, after which they enjoyed ice creams.

Die Graad RR-klas het die Groentemark besoek, waar hulle aan al die verskillende vrugte en groente bekend gestel is. Hulle het heerlik geruik, gevoel en gesmul aan al die eksotiese vrugte wat onbekend aan hulle was. We would like to thank the staff of the Groentemark who went to so much trouble for our little BD's. The learners thoroughly enjoyed themselves and truly learned a lot. Die jaarlikse Fietsie-dag het op 12 April 2019 plaasgevind. Die Graad RR-klas het ook deelgeneem, en dit was weereens 'n dag vol pret!

***<u>Grondslagfase:</u>*** *Fasehoof me. E. Janse van Rensburg*

*Akademie- en Hoof Gr.1 - 3: me. A. Swart*

Hierdie kwartaal was ons baie bevoorreg dat die dramagroep, Storieskip, ons besoek het. Hulle het 'n fantastiese vertoning aan ons leerders gelewer!


Op 7 Junie het ongeveer 200 pappas saam met ons Vadersdag kom vier. Die pappas het die kinders en hul humor uit die video-greep, baie geniet. A word of thank you to every dad who took the trouble to attend this special occasion. It really means a lot to your child.

***<u>Intermediêre- en Senior Fase:</u>*** *Fasehoofde mee. C. Brown en A. King*

The intermediate and senior phase took on the much needed task of aiming to assist our learners with reading and the understanding thereof. Our aim was to provide our grade 4-7 learners with various reading texts from all the subject areas, along with questions, in order for them to gain more practice and understanding of comprehension type questions.

We also worked on enriching the minds of a few of our young Mathematicians by entering the South African Mathematics Challenge (SAMF) this term. Our grade 4 and 6 learners attended their annual camps to Simonsberg and Oudtshoorn respectively. Both camps were a huge highlight and enjoyed by learners and staff.

***Enrichment Centre:*** *Co-ordinator mrs. A. Snyders*




Although the Enrichment Centre did not have a project for the term, we were quite busy with our normal schedule. Hier volg 'n bietjie statistiek om 'n idee te gee hoeveel kinders bedien word vanuit die Verrykingsentrum.

Nie net word daar gefokus op akademie nie, maar ook op ontwikkeling van fisiese & emosionele behoeftes & leemtes.

- **Learning Support in Maths** – 48
- **Learning Support in Perceptual Skills & Language** – 150
- **Private Remedial support** – 40
- **Occupational Therapy** – 14
- **Counselling (Verrykte harte)** – 18
- **Fiks met letters & Syfers** – 55




***Kultuursake:*** *Koördineerder me. T. Struthers*

Die Redenaars vir 2019 het goed afgeloop. Die uitdun-ronde aan die begin van die jaar berei die leerders voor vir die ATKV-uitdunne in terme van wat verwag kan word by só 'n kompetisie. Twee van ons leerders, Jana Marais en Janike van Wyk, is deur na die semi-finale ronde en ons wag nog op hierdie resultate. Baie geluk met die feit dat julle al so ver gevorder het. Ons is trots op julle! Volgende jaar sal deelname van addisionele taal-leerders aangemoedig word.

Die kinders wat aan die onderskeie afdelings van die Overberg Eisteddfod deelneem, is almal hard aan die oefen. Ons sien uit na al hierdie resultate en weet julle sal ons skool se naam hoog hou! Mieke Saayman en Jana Marais het uitstekend gevaar by die Stellenbosch Eisteddfod waar hulle onderskeidelik aan die Spraak- en Drama en Sang afdelings deelneem het. Baie geluk! Die Juniorkoor het tydens die Christusfees saam met oom Karolus en Lente gesing. Die leerders het dit baie geniet en dit was 'n baie mooi geleentheid. Die Juniorkoor neem volgende kwartaal deel aan die Overberg Eisteddfod en die Seniorkoor aan die Worcester Eisteddfod. Ons wil graag ons onderskeie opvoeders

en ouers bedank vir hul moeite en toewyding met al ons deelnemers. Baie geluk aan Jufrrou Simóne met die geboorte van haar pragtige dogtertjie, Isabella.

Die dramaklasse gaan steeds opvoerings in die derde kwartaal doen. Daar is baie belangstelling en al die groepe vorder goed.

***<u>Leerdersake:</u>*** *Koördineerder mnr. W. Brooks*

Na die twee weke-vakansie het die kwartaal, so met al die vakansiedae, uiteindelik in volle vaart begin! *#Imagine* het gedurende die April-vakansie plaasgevind en was weereens 'n groot belewenis. Leerders het van heinde en verre gekom om hierdie geleentheid by te woon. Ons bedank graag vir Ds. Braam Coetzee wat uit sy pad gaan om hierdie geleenthede in die Overbergstreek vir ons kinders aan te bied. Die Graad 6-leerders was op hul jaarlikse toer na Oudtshoorn vanaf 23 April 2019 tot die 26ste April 2019. Soos gebruiklik, het die leerders hierdie toer geweldig baie geniet onder leiding van mnr. A. Liebenberg en sy span.

Die BD-raad het gedurende die kwartaal verskeie opleidingsessies bygewoon. Elke tweede Dinsdagoggend om 07:00 vergader ons. Die BD-Raad het interne opleiding by Wyoming Spur in Bredasdorp gehad, waartydens planne en doelwitte vir 2019 uiteen-gesit is. Emile Neethling van Karmic Group uit Somerset-Wes het 'n sessie met die BD-Raad gehad op Saterdag, 11 Mei 2019. Mnr. Neethling het 'n twee ure sessie met leerders gehad oor onder andere leierskap. Op Vrydag, 12 April 2019, het die BD-Raad besoek afgelê by Suideroord Tehuis vir Bejaardes. Mev. L. Lombard en mnr. W. Brooks het die leerders vergesel en mev. K. Dickason het die leerders met ope-arms verwelkom. Die bejaardes het hierdie besoek geweldig geniet. Tydens Suideroord se jaarlikse matrasspring, het die BD's ook deelgeneem en 'n heerlike atmosfeer geskep by B&M Ford se vertoonlokaal. Hierdie 15 minute-sessies, waarin groepe op matrasse in die vertoonlokaal van B&M Ford kan gaan spring, vind plaas op die maat van heerlike musiek.

Die redaksie van die *Voete* het hierdie kwartaal weer hard gewerk om dié skoolkoerantjie vir almal iets te maak om na uit te sien. Die redaksie werk hard om elke uitgawe iets besonders te maak onder leiding van mev. L. Lombard en mnr. R. Minords. Besighede is baie welkom om 'n advertensie in hierdie koerantjie te plaas teen 'n billike prys. Kontak gerus vir mnr. R. Minords (rowan@lbps.co.za) vir verdere inligting.

Die neem van individuele foto's het op Dinsdag, 4 Junie 2019, plaasgevind. Die Juniorkoor-foto, asook Graad RR tot 3-klasfoto's is ook geneem. Dit verlig die druk later in die jaar wanneer groepfoto's geneem moet word. Baie dankie vir u getroue ondersteuning en 'n spesiale woord van dank aan mnr. J. Adendorf vir die reël van hierdie geleentheid.

Gedurende die kwartaal was verskeie detensies gehou vir leerders wat meer as 20 punte op hul strafkaart het. Baie keer is die inskrywings vir huiswerk wat nie gedoen is nie of boeke wat tuis vergeet is. By die BD's wil ons graag elke leerder aanmoedig om elke middag huiswerk te doen asook in die aand boeke in te pak volgens die klasrooster wat uitgedeel is aan die begin van die jaar. Dit is baie frustrerend om 'n klas aan te bied wanneer 'n leerder nie sy boeke by hom / haar het nie. Kom ons probeer harder werk in kwartaal 3 om minder detensies op Vrydae te hê.

Aan die begin van kwartaal 2 het Laerskool Bredasdorp al die graad 7's van 2014 uitgenooi na ons spesiale saalbyeenkoms wat op Vrydag, 12 Julie 2019, om 09:15 plaasvind. Laerskool Bredasdorp sien uit na hierdie geleentheid onder leiding van mev. C. van Eeden en mej. A. Albertyn. Kom groet jul klein BD-maats en geniet ligte verversings!

Elke week gee die BD's 'n weeklikse nuusbrief uit genaamd BD's-dot-com. Verskeie sport- en kultuuruitslae word hierin vervat, asook ander inligting rondom skoolaktiwiteite. Die BD-Raad deel dit weekliks by verskeie besighede uit, waarna die publiek dit kan lees terwyl hulle wag vir afsprake, en so meer. Indien u een van hierdie besighede is wat graag 'n paar kopieë by u afgelewer wil hê, is u welkom om vir mnr. W. Brooks te kontak by willie@lbps.co.za.

Die Graad 4-BD's het hul eerste skolastiese opvoedkundige kamp by Simonsberg, naby Stellenbosch, gehad. Hierdie kamp word deur die Wes-Kaapse Jeugtrust aangebied. Hierdie persone doen uiters goeie werk. Die kamp was vanaf Maandag, 13 Mei 2019, tot Dinsdag, 14 Mei 2019. Baie dankie aan elke ouer wat dit vir hul kind moontlik gemaak het om op die kamp te gaan, asook die verskeie onderwysers wat leerders vergesel het. Leerders het slegs een aand uitgeslaap, maar vir baie was dit die eerste keer.

Die BD's het ongelukkig in kwartaal 2 sekere probleme ervaar met enkele leerders wat laat kom vir skool of baie afsprake reël gedurende skooltyd, soos tandarts- en doktersafsprake. Ons wil vra dat u asb. sover moontlik sal probeer om hierdie afsprake middae ná skool of oor naweke te reël. Ons weet dit is nie altyd moontlik nie, maar leerders verloor geweldig baie skoolwerk en die opvang van hierdie werk is altyd 'n krisis. Baie dankie dat ons vir u ondersteuning in hierdie verband kan vra.

Dankie ook dat ons op u samewerking kan staatmaak wat ons leerders se korrekte **haarsnitte** betref. Onthou asseblief: ons leerders mag nie, soos by sommige van ons plaaslike Hoërskole, hul hare kort skeer langs die kant, met 'n "step" wat 'n lyn vertoon met langer hare bo-op nie. Die sg. "English cut" en patrone of "steps" in die kuif of haarlyn, word ook nie toegelaat nie.

***Sport:*** *Koördineerder me. Elsje de Villiers*

Dit is moeilik om te glo, maar die eerste helfte van 2019 se skooljaar is verby! Ons sportprogram was propvol, dog opwindend en uitdagend! Ons het verskeie leerders wat op hulle sportgebiede uitstekend gevaar het en baie mooi prestasies behaal het.

Baie dankie aan elke BD wat getrou kom oefen het en entoesiasties deelgeneem het aan sy of haar sport. Baie dankie aan elke afrigter en leerder wat hulle kant gebring het tydens ons somer-sportseisoen. Dankie aan al die toegewyde ouers wat hulle kinders aangemoedig het om deel te neem en hulle ondersteun het.

Tydens die April-vakansie het ons 1ste rugby-, netbal- en hokkiespanne hulle wintersport seisoen afgeskop met die eerstespantoer na die Helderberg-skole. BD's het deelgeneem teen Laerskool Gordonsbaai, Laerskool Beaumont en Somerset House en uitstekende uitslae behaal.

Weens Swellies wat hierdie jaar hul skool se 115de bestaansjaar vier, is ons jaarlikse instelling van eerste rugby- en netbal-tuiswedstryde by Laerskool Swellendam deur al ons spanne bygewoon. Kort daarna het die hokkie afgeskop by Laerskool Mikro met die groot hokkiedag in Kuilsrivier. Die dag moes ongelukkig gekanselleer word a.g.v. onluste op die roetes na die skool.

Die BD's het aan verskeie ander sportdae deelgeneem: Swellendam Buurskoledag, O/12 Panorama Netbaldag, O/13 Hoërskool Heidelberg Toernooi, Worcester Primêre Hokkiedag, Laerskool Hermanus Senior-hokkiedag, Wes-Kaap Skaaktoernooi te Curro Mosselbaai, asook die O/10 Hokkie Astrotoernooi.

Rugby en Netbalwedstryde is gespeel teen Laerskool Hawston, Laerskool Swartberg, Laerskool Robertson en Voorbereidingskool, asook De Heide Primêr.

Hockey matches were played against Curro Hermanus and Hermanus Primary School.

Our U/7 – U/9 rugby- and netball players, as well as our hockey players had the chance to participate in the 4-Nations tournament presented at the school.

Ons bedank graag weer ons borge: InteliGro, OJ Plant Hire en House of Carpets and Furniture, Struisbaai, wat opgetree het as borge vir ons eerstespan-baadjies!

Please take note of the match schedules for the 3rd term. Updated information is available on the d6 communicator. It is going to be a busy term with lots of exciting home matches. Our 3rd term will, as always, end on a high note when we visit Courtrai Primary over the weekend of 23-24 August 2019 for our annual Friendship weekend. We would like all our BD-parents and supporters to come and support our sport during this weekend.

***Rugby**: mnr. Alex Liebenberg*

BD's-rugby het 'n lekker seisoen gehad met baie wedstryde, alhoewel die meeste daarvan weg gespeel is. Ons spanne het gemengde welslae behaal, met sommige van ons spanne wat baie goed gevaar het. Ons is bewus van sommige van ons spanne wat swaargekry het. Ons herinner u graag daaraan dat dit by veral ons B- en soms C-spanne, hoofsaaklik gaan om deelname en is verder bewus daarvan dat sommige van ons B- en C-spanne al teen A-spanne moes kompeteer. Ons sal sulke situasies tot die beste van ons vermoëns probeer aanspreek en beperk.

Our players proudly wore their new jerseys. We would like to thank the following sponsors:

| | |
|---|---|
| u/7A- and B-teams | BD Carwash |
| u/8A- and B-teams | Hi-Q, Bredasdorp |
| u/9A- en B-spanne | Cape Agulhas Aluminium & Glass |
| u/11-A and B-teams | BP, Kwik Delite and Kwik 'n Gô |
| u/13B-team | Villet & De Wet |
| u/13A-team | ROLA Toyota, Bredasdorp. |

Rola Toyota, Bredasdorp, het verder vir die skool 'n netjiese stel veld-toerusting geborg wat vlaggies, paalbeskermers en hoekvlaggies insluit. Ons opregte, hartlike dank gaan aan elkeen van ons borge.

The 4-Nations Tournament, which took place on Friday, 24 May, was a huge success. Thank you to every parent who came to support our little BD's. The results are as follows:

**u/7:**
1. England
2. Scotland
3. Ireland
4. Wales

Player of the day: Zhyle van der Watt

**u/8:**
1. Scotland
2. England
3. Wales
4. Ireland

Player of the day: Carl Hopley

**u/9:**
1. Ireland
2. Scotland
3. Wales
4. England

Player of the day: Nayed Gabriëls

Ons 0/13-seuns het ook aan die Boland-proewe deelgeneem. JP Murtz, Brooklyn Newman, Cohen Dyers, Liam Engel en Albert Lambrecht het die Suidpunt-span gehaal. Slegs JP Murtz het na die volgende rondte proewe gevorder en het ongelukkig net voor Boland uitgeval. Ons is baie trots op elkeen een van hierdie seuns. Welgedaan.

BD's-rugby wil graag die volgende versoek rig aan u as ouers. Ons het reeds die program van die jaar se sport vroeg aan elke leerder deurgegee. Ons sukkel egter met ouers wat ander reëlings op sportdae/ sportnaweke tref. Ons vra u asseblief om nie u kind uit die span te onttrek nie, tensy dit 'n noodgeval is. Onnodige onttrekkings maak dit vir die ander spanlede en die afrigter baie moeilik.

Geniet die welverdiende vakansie, ons sien mekaar weer in die derde kwartaal langs die rugbyveld!

***Netbal**:* *me. Annalee King*

BD-netbal het behoorlik geblom hierdie kwartaal. Baie dankie aan elke ouer, afrigter en speler wat hard gewerk het, ondersteun het, oefeninge getrou bygewoon het en hulle passie vir netbal uitgeleef het.

Die BD's het baie goeie uitslae behaal die kwartaal en ons sien uit na die 3de kwartaal. Tydens die ligaverpligtinge het ons spanne baie goed gevaar. Die volgende leerders is verkies tot die onderskeie Overberg-spanne:

**0/11 Overbergspan:**

- ✓ Nina Lotz
- ✓ Emma Neethling
- ✓ Isabella Albertyn

**0/12 Overbergspan:**

- ✓ Mieke Saayman
- ✓ Minke Terblanche
- ✓ Junicke Newman

**0/13 Overbergspan:**

- ✓ Jani van As
- ✓ Anja Geyer

Bogenoemde spelers neem vanaf 4 tot 6 Julie deel aan die Interdistrikte Netbaltoernooi op Wellington. Baie geluk, ons BD's hou vir julle duim vas.

Die BD's O/13A-Netbalspan het deurgedring tot die Wes-Kaap Top Skole byeenkoms wat op 1 Junie 2019 by Hoërskool De Kuilen plaasgevind het. Ons dogters het die BD- naam hoog gehou op en langs die baan. Hulle het teen Paarl Girls High, Paarl Gimnasium, Bastion en Augsburg se O/13A-spanne gespeel en was baie kompeterend. Dit was 'n goeie geleentheid en goeie voorbereiding vir die res van die 2019 netbalseisoen wat voorlê.

Our u/7 to u/9 players thoroughly enjoyed the 4-Nations Tournament. Thank you to every coach, parent and netball player who made this occasion possible and enjoyed the day with us. Results are as follows:

**u/7:**
1. Wales
2. Ireland
3. Scotland
4. England

Player of the day: Ava Brighton

**u/8:**
1. England
2. Wales
3. Ireland
4. Scotland

Player of the day: Joy Mataga

**u/9:**
1. Wales
2. Ireland
3. Scotland
4. England

Player of the day: Thando Thembi

***Hockey:*** *mrs. Chantel Brown & mr. Rowan Minords*

We started off the season with all our coaches attending a fantastic coaching clinic run by JK10. They consist of hockey players who previously represented South Africa as well as an ex SA hockey coach. Thank you to all our coaches who gave of their time in order to improve their hockey skills and knowledge in order to make our BD's even better hockey players!

At our hockey-evening our players competed against their parents, and showed them that dynamite comes in small packages! The evening was a great success and we received a lot of positive feedback. Thank you to all the coaches who helped with the preparations and to all the parents who so willingly participated with their children.

Our first girls' and boys' hockey teams toured the Helderberg area this year during the first term, where they played against some of the best schools and showed exactly what they are capable of. It was a tour that was enjoyed by players and coaching staff and certainly one for the memory book.

It has been a very busy first half of the season for all our hockey teams, where we have been given the opportunity to attend various hockey days and have played a number of different schools. Our teams, from the juniors, through to our seniors, have fared well and we are very excited about the future of hockey at our school.

A few of the U13A hockey players have been selected for the Boland Shiraz Team that represents our district. A very big word of congratulations to **Richelle Schlebusch, Minke Du Toit** and **Madelein Engel** who have been chosen! Their tournament will take place from the 4$^{th}$ to the 7$^{th}$ of July in Paarl. We are very proud of these girls and wish them lots of luck. We know that you will most certainly be great ambassadors for our school.

On Friday, 31 May, we hosted our annual 4-Nations Tournament for all our u/7, u/8 and u/9 teams. Parents were able to enjoy watching their children play against each other while representing various countries. Keep in mind, the hockey combines girls and boys in teams. In the u/7 group, England walked away with the champions medals and our outstanding players were Ava Brighton and Tiaan Smit. Wales were the champions in the u/8 group with Gite-Mari Malherbe and Joel Jephtas being chosen as outstanding players. In the u/9 section, it was Ireland that were handed the champion medals and Annabelle Schoevers and Caleb Witbooi who were their outstanding players.

A very big word of thanks again to all the coaches who helped with the preparations for this event. Thank you to all our parents who came to support and encouraged your children.

On Saturday, 8 June, we hosted our first U7 Hockey Day. We welcomed Swellendam and Hermanus Primary Schools. The aim of the day was to encourage a positive sporting atmosphere amongst U7 players where coaches were given the opportunity to coach their teams and assist them in improving their skills even further. Of our hockey moms very generously baked sweet goodies that we were able to sell and of course the popcorn machine was a huge hit. Of our grade 7 learners helped us in selling lucky draw tickets where spectators and players alike stood the chance of winning spectacular prizes that ranged from hockey balls, mouth guards, shin pads, hockey socks and hockey stick bags.

It is clear from watching our junior teams that we have a lot of talented players who will be filling our first teams in the future. We look forward to the second half of the season and our build-up to the Friendship Weekend against Courtrai.

To ALL the hockey coaches, parents and players, the first half of our hockey season would not have been such a huge success if it wasn’t for your help, dedication and continuous support. Thank you for remaining so dedicated and positive. We appreciate you all!

***Chess**: ms. Carolene van Jaarsveld*

All the chess players worked very hard this term and attendance at the practices was good. We played a friendly match against De Heide on the 16th of April and won almost every game. We also had a successful tournament at Curro Hermanus on the 10th of May, where we played against a variety of schools. The chess parents also hosted a fund raiser at the first "Rooi Deur" Market in town, and we raised money for our First Team jackets. Thank you to everybody who contributed in many ways. Dertien van ons BD-skaakspelers is opgeneem in die Overberg-span wat deelgeneem het aan die Wes-Kaap proewe in Mosselbaai oor 'n periode van 17 tot 19 Mei. Hulle is:

- O/7 Shimeah Olivier
- O/9 Chumani Penxa, Farrah Witbooi, Georgia Salo, Damion Hansen, Jöagen Olivier, Caleb Witbooi, Niël van Jaarsveld en Sylvio Arends
- O/11 Luke Valentine, Kirsty Olkers en Evah Meyer.

David Huddlestone was also selected for the team, but was unable to take part due to unforeseen circumstances. Well done, BD's. You always make us proud!

***Buitesport:** me. Elsje de Villiers*

Surfing: Isabel Conradie (U/10) and Yuné Kleinhans (U/14) both made the semi-finals of the South African National Grom Surfing Championships. Both were placed 3rd in the semi-finals and their provincial team, Boland / Cape Winelands, finished 3rd out of 8 teams nationally. This is a huge achievement for both these girls. Congratulations!

Jeugskou: Tydens die onlangse WP Jeugskou Kampioenskappe op 20 & 21 Maart 2019 wat hier op ons voorstoep in Bredasdorp gehou is, het die volgende kinders baie goed presteer:

Perde: Jnr Ancois Kotze – 2de skouman – algeheel 3de; Mia Swart – 4de skouman – algeheel 4de; Caitlin Smit – 5de skouman – algeheel 2de

Suiwelbeeste: Jnr Benjamin Seimons – 3de skouman - algeheel 2de; Ilé Snyders – 2de Skouman - algeheel 3de; Hope Swart – 4de skouman - algeheel 4de

Baie dankie aan oom Pierre Human & tannies Mariska Marais en Hilde Rheeders vir hul harde werk en toewyding. Sterkte aan elke leerder wat tydens die Septembervakansie aan die Nasionale Kampioenskappe in Vryburg gaan deelneem. Die BD's is trots op julle!

***Weerbaarheid:*** *Leer / Lag / Leef - Learn / Laugh / Live-2019*
*Koördineerder me A. Barnard*

In die 2de kwartaal het ons gedurende April sertifikate gegee vir *Ek hou van lag*. Gedurende Mei het ons sertifikate uitgedeel vir *Ek geniet my maats*. During June we gave certificates for *I am growing academically*.

Veiligheid by ons skool : Ons het 'n noodplan-inoefening gehou vir 'n brandgevaar, sowel as 'n oproer, om te verseker dat ons paraat is, sou hierdie noodsituasies ontstaan.

Veiligheids-oudit: Mnr. Zandie Barnard het 'n veiligheids-oudit gedurende Mei by die skool gedoen en alle besluite sal opgevolg word. Sodoende weet ons dat ons veiligheidsaspekte op pyl is.

♥-klop vir Christusfees: Oom Karoolus en Lente het ons besoek op Hemelvaartdag en ons leerders het dit terdeë geniet.

Education Connect: Die Education Connect-span, onder leiding van Cecelia Terblanche, het weereens uitstekende werk gedoen met die Gr 4-7 leerders, in samewerking met ons jaartema: Leer/Lag/Leef. Ons wil werklik ons waardering uitspreek teenoor hierdie personeel. Hulle gaan weer volgende kwartaal aan met hierdie belangrike taak.

***Fondsinsamelings:*** *me. Elsje de Villiers*

Soos almal reeds van bewus is, het die Beheerliggaam die besluit goedgekeur dat die OOV nie meer die snoepiebeurte tydens sportdae en ander kleiner geleenthede gaan hanteer nie. Mnr. Johan Cloete en sy span hanteer die snoepies tydens pouses en die sportdae, hetsy by die skool of by die Glaskasteel. Ons vra asb. die ouers se ondersteuning en hulp om deurgaans vir ons terugvoer te gee oor u voorstelle en idees rakende die snoepies en produkte wat aangebied word.

Ons 2019 Gholfdag het plaasgevind op Saterdag, 27 April 2019, by die Bredasdorp Gholfbaan. Soos in 2018, was die BD's gholfdag een van ons hoogtepunte op ons kalender. Baie positiewe terugvoer is ontvang vanaf ons gholfers, sowel as nie-gholfers. Ons het 'n bedrag van R40 000 ingesamel op hierdie dag. Graag bedank ons al die individue, besighede en instansies in ons gemeenskap vir die hulp met donasies, pryse en borgskappe om ons dag moontlik te maak. Funds raised during the golf day will go towards the upgrade of the GR R – 3 playground. Thank you to the committee members for making yourselves available to organize this big event! You are an amazing team!

Ons 2020 gholfdag beloof om groter en beter te wees en die formaat van 'n BD-fees aan te neem!  Meer inligting sal nader aan die tyd bekend gemaak word.

**Manne-aand!**
**27 Julie 2019**

Die MOOV Fuel / Overberg Agri manne-aand vind plaas op Saterdag, 27 Julie 2019 by Laerskool Bredasdorp.  Gertjie Odendaal en Danie Niehaus is ons gaskunstenaars vir die aand.  Ons nooi graag al ons pappas, oupas, ooms en manlike ondersteuners om die aand te kom geniet.  Kaartjies kos R200 per persoon, wat 'n ete insluit.  Bring gerus jou eie verversings saam.  Kaartjies is beskikbaar by die Sportkantoor by Elsje de Villiers.  Kontak gerus die kantoor by 028 424 1334 of sport@lbps.co.za

Tans is daar twee fondsinsamelings-aktiwiteite aan die gang wat u deurlopende aandag verg:

1. Ikamva Fuel: Maak u dieselvoertuie vol by Ikamva Fuel (langs Moov) en die skool verdien 20c per liter.  Only valid for cash and debit / credit card transactions.
2. BD Car Wash: Neem u voertuig na die BD Car Wash vir 'n was en stofsuig en ondersteun so vir Laerskool Bredasdorp.  Hulle skenk R10 per voertuig aan ons skool.

Thank you to all our parents who supported the various projects during the term. The funds raised in this regard goes a long way in supporting education at our school.

***Sponsorships*****:** *me. Elsje de Villiers*

At BD-world we are extremely privileged and proud to say that we have so many sponsorships and interested businesses and individuals, willing to get involved with Bredasdorp Primary School.  Thank you to each and every individual and business for your sponsorship thus far.  It doesn't matter if you contributed a pen or a pencil, or even thousands of Rands.  Every sponsorship is appreciated and makes it so much easier for us to make Bredasdorp Primary the best school in the Overberg.  Thank you for your positivity towards the school, we salute you!